F. J. Pop, *Apostolaat in Druk en Vertroosting*, G. F. Callenbach, Nijkerk, 1953.

In die serie, *De Prediking van het Nieuwe Testament*, vorm hierdie werk die kommentaar op II Korinthiërs. Die bewerker het die titel gekies na aanleiding van II Kor. 1:5-7 en dit is ook gepasd. In geen van sy briewe laat die apostel sy leed en sy moed onder die druk en die vertroosting so onomwonde spreek as in hierdie brief nie. Ds. Pop het 'n grondige grammatikale en literêre voorstudie van die materiaal gemaak en sy besondere verdienste is dat hy in die verklaring steeds die menslikheid van die apostel en die verhoudinge waarin hy staan, navore bring. Die enkele griekse woordverklaringe sal die algemeen ontwikkelde leser nie verhinder om hierdie werk met vrug te bestudeer al ken hy nie grieks nie. Terwyl egter die serie kennelik bedoel is vir die ontwikkelde lidmaat, skyn dit 'n gemis dat dit nie voorsien is van 'n besondere inleiding nie.

A. S. Geyser.

*   *